# Schützprojek Augustus 2017

## 1. Agtergrond

Die **Koepel Kunstesentrum** bied sedert 2008 musiekkursusse, meestersklasse en konsertprojekte in historiese uitvoeringspraktyk aan. Talle musici uit Europa, op die voorfront van die Vroeë Musiek-beweging, het in die loop van hierdie aktiwiteite met plaaslike deskundiges meegewerk en stadig maar seker daardeur Vroeë Musiek in Suid-Afrika ontwikkel. Onlangse konserte sluit in die uitvoering van die Mozart Requiem in Vredefort en Pretoria, gelei deur Antoinette Lohmann (barokvioliste van Amsterdam), die Johannespassie van Bach (in samewerking met St. John's College in Johannesburg), 'n solokonsert met werke van Mozart en Haydn deur die tenoor Marcel Beekman (Amsterdam), en 'n program van werke van Schütz en sy tydgenote, gedirigeer deur Norbert Brandauer (Wene). In Oktober 2017 word 'n program van Bach kantates aangebied, gelei deur Antoinette Lohmann, en in Februarie 2018 bied die Koepel Kunstesentrum die internasionale musiekseminaar Cantare e Sonare, gelei deur Norbert Brandauer aan.

Die jaarlikse projek gewy aan die musiek van Heinrich Schütz het reeds 'n tradisie geword in die musiekprogram van kursusse in Vroeë Musiek aangebied deur die Koepel Kunstesentrum. Die uitvoeringspraktyk van hierdie musiek uit die vroegbarok vereis die besetting van die verskillende parte met beide sangers en instrumentaliste. Dit bied groot besettingsvryhede deurdat parte solisties of met klein stemgroepe uitgevoer kan word, en die tradisionele instrumente soos kornette, skuiftrompette, dulsiaan, en strykers gebruik kan word. Die Schützprojekte maak dit dus moontlik om 'n diverse groep van musici te akkommodeer en in historiese uitvoeringspraktyk op te lei.

Die programkonsep vir die kursus is 'n musiek-erediens gewy aan die Drie-Enigheid, God die Vader, God die Seun, en God die Heilige Gees. As komponis aan die koningshof in Dresden, moes Schütz vir spesifieke gebeurtenisse in die hofstaat musiek skryf. Sy werke is dus altyd gekoppel aan sulke geleenthede, van die eenvoudige, daaglikse aanddienste wat die liturgiese dag open, tot pragvolle feesgodsdienste wat die statuur van die koning moes onderskraag, en is nooit in konserte vir die algemene publiek uitgevoer nie. Uiteenlopende musiekvorms kenmerk die musiekstukke in ons program. Aan die een kant val die werke vir solostem en continuo, uit die versameling Kleine Geistliche Konzerte, op met hulle beskeie besetting en vorm, aan die ander kant staan die groot werke vir twee tot vier kore en 'n groot aantal instrumentale stemme. Tussen hierdie uiterstes val die motet *Ich weiß, daß mein Erlöser lebt* en die koraalverwerking *Erbarm dich mein.* Hierdie veelvoud wys Schütz se meesterskap en vindingrykheid as komponis.

Die meerkorige styl, wat Schütz tydens sy leerjare in Venesië by Gabrieli leer ken het, word telkens anders aangewend, telkens ook met verskillende klankeffekte: Soms word 'n hoë en 'n lae koor mekaar teenoorgestel, soms verskaf 'n derde koor slegs by sekere plekke 'n spesiale effek, soos by *Herr, unser Herrscher,* soms kontrasteer solostemme met die klankblokke van die tutti-kore, soos by *Alleluja, lobe den Herren.* In *Veni Sancte Spiritus*, daarteenoor, vertolk elkeen van die vier kore 'n ander strofe van die teks.

Die behandeling van die instrumentele stemme wys duidelik dat die instrumente nie net as begeleiding beplan is nie. Inderdaad, by die uitvoering van die meeste werke van hierdie stylperiode kan die sangparte deur instrumente vertolk word, en dikwels speel die instrumente solistiese rolle net soos die solosangers. In verskeie werke kom sogenaamde *Symphoniae* voor, tussenspele waar die instrumente alleen, sonder die sangers, figureer. Verder bestaan sommige van die kore in 'n meerkorige werk uit slegs enkele sangers en een of twee instrumente. Die idee van 'n koor, soos dit vandag bestaan as 'n relatief groot groep van sangers, bestaan nie in Schütz se tyd nie. Daar beteken "koor" 'n groep sangers *en* instrumentaliste, en slegs een sanger of instrument word per part gebruik.

Die program wys ook duidelik die veelvoud van Schütz se komposisiestyl. In *O bone Jesu*, met sy instrumentele inleidende *symphonia* en die ekspressiewe solistiese afsnitte, kom Schütz baie modern voor – die musiek is melodieus, homofoon en onmiddellik verstaanbaar. Aan die ander kant wys *Ich weiß, daß mein Erlöser lebt* uit die Geistliche Chormusik nog die streng polifoniese komposisiestyl van die Renaissance, alhoewel die twee stukke in min of meer dieselfde tyd geskryf is. So span hierdie keuse van Schütz se werke die boog van twee- tot sestienstemmigheid, van twee uitvoerders tot die klankvolle groot besettings, van konserwatiewe tot moderne komposisiestyle. Daarmee word die meesterlike kreatiwiteit van hierdie komponis, wat 100 jaar voor Johann Sebastian Bach gebore is, duidelik.

**Heinrich Schütz** se musiek is vandag onbekend, ten spyte van die feit dat hy in sy tyd oor die hele Europa as belangrikste komponis geag is. Hy is gebore in 1585, en was vir die grootste deel van sy lewe hofkomponis en dirigent van die Dresdner Hofkapelle aan die hof van Johann Georg van Sachsen, 'n pos wat hy tot aan die einde van sy lewe behou het. Die Dertigjarige Oorlog, wat tussen 1518 en 1548 vir die grootste deel van Schütz se beroepslewe gewoed het, het 'n vernietigende effek op die kulturele lewe in Europa gehad. Ten spyte daarvan kon hy 'n hoogs produktiewe musikale uitset van hoof-saaklik gewyde musiek vir buitengewone godsdienstige geleenthede aan die hof tot aan die einde van sy lang lewe met die ouderdom van 87 handhaaf.

## 2. Die musiekdireksie

**Florian Cramer,** tenoor en dirigent, begin sy musiekopvoeding in die Stuttgartse Seunskoor en die seunskoor capella vocalis, en studeer in Freiburg. Sy repertoire strek van Monteverdi tot die komponiste van die twintigste eeu, met ‘n swaartepunt op die literatuur van J. S. Bach. As liedersanger tree hy met werke van Schubert en Schumann op. Hy werk ook met bekende orkeste sooos die Freiburgse Barokorkes en andere in Europa, Suid-Amerika en die Verre Ooste as solis mee. Sedert 2003 dirigeer hy die Evangelische Studentenkantorei Freiburg, en sedert 2010 is hy die musikdirekteur van die Nuwe Baselse Kamerkoor. Hy onderrig sang aan die Musiekuniversiteit van Freiburg en op kursusse soos die Staufener Musikwoche en die opleidingssentrum Schlüchtern. In 2012 en 2013 besoek Florian Cramer Suid-Afrika as leier van seminare en konserte aangebied deur die Koepel Kunstesentrum.

## 3. Afloop van die projek

Die kursus begin op 28 Julie by die Kunstesentrum op Deelfontein in die Vredefort Koepel. Vanaf Maandag 31 Julie vind die oefeninge saans by die St Albans-skool in Pretoria plaas. Op Vrydagaand 4 Augustus word die finale oefening in die Johanneskirche in Pretoria-Oos gehou, en op Saterdag 5 Augustus en Sondag 6 Augustus vind die konserte in Vredefort en Pretoria plaas.

## 4. Program

| | |
|---|---|
| Herr unser Herrscher (SWV 27) | *vir drie kore* |
| Eile mich, Gott, zu erretten (SWV 282) | *vir solo sopraan* |
| Erbarm dich mein, o Herre Gott (SWV 447) | *vir solo tenoor* |
| Gesang der drei Männer im feurigen Ofen (SWV 448) | *vir soliste en koor* |
| O bone Jesu (SWV 471) | *vir sewestemmige koor* |
| Ich weiß, daß mein Erlöser lebt (SWV 393) | *vir sewestemmige koor* |
| O Jesu, nomen dulce (SWV 308) | *vir solo tenoor* |
| Magnificat (SWV 468) | *vir drie kore* |
| Veni, sancte Spiritus | *vir vier kore* |
| Schaffe in mir, Gott, ein reines Herz (SWV 291) | *vir solo sopraan en tenoor* |
| Vater unser (SWV 411) | *vir sesstemmige koor* |
| Alleluja! Lobet den Herrn (SWV 38) | *vir vier kore* |

## 5. Deelnemers

| | |
|---|---|
| Sopraan | Marilize Hattingh, Nicola Johannes, Trish Maguire |
| Alt | Runhild Hüsselmann, Cathy Maguire, Julia Read |
| Tenoor | Bernhard Böhmer, Victor Böhmer, Chris Mostert |
| Bas | Corniël Calitz, Jörn Friedland, Marthinus van der Walt |

**Instrumentaliste**

| | |
|---|---|
| Viool | Kathleen Clay, Jens Eggers, Lee Smith, Tanya Spiller |
| Altviool | Friederike Scholtz |
| Cello | Mietze Dill |
| Kontrabas | Hilton Anspach |
| | |
| Alttromboon | Rainer von Schlichting |
| Tenoortromboon | Jeffrey Wiseman |
| Bastromboon | Jurie Swart |
| Dulsiaan | Gerhard Benade |
| | |
| Orrel | Franz Malan |

## 6. Finansiële Verslag

Uitgawes

| | |
|---|---|
| Vlugte en honoraria | R 31 931 |
| Reklame, kos, bladmusiek, vervoer, korrepetiteur | R 16 855 |
| Totaal | R 48 786 |

Inkomste

| | |
|---|---|
| Konsertinkomste en deelnemersbydraes | R 19 850 |

| | |
|---|---|
| Verlies | R 29 936 |